Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
Langs C.S.V.-Boekhandel.
MANSUITRUSTERS
Pleinstraat
STELLENBOSCH
Posbus 196 — Foon 479

DIE
# Matie

Druk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 13. VRYDAG, 15 JUNIE 1945. Prys 1d.

BESTE DIENS
vir
FIETSE, RADIO'S ENS.
is
nog verkrygbaar
by
H. VILJOEN
PLEINSTRAAT

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

## Matiespanne Ruk op na die Noorde

### Vierde Intervarsity teen Pretoria

*Potchefstroom ook Toegetakel*

**Maandagaand om tienuur vertrek ons eerste rugbyspan ir die tweede agtereenvolgende jaar na die Noorde om die Tukies in hulle eie vesting te gaan opdreun. Vanjaar word hulle gter nie vergesel deur die hokkie-, netbal-, tennis-, stoei- en ukskeispanne nie, maar slegs deur die O.19A-span.**

Op een tydstip was dit baie onaarskynlik dat daar vanjaar teen ie Universiteit van Pretoria Interarsity gespeel sou word. Daar was een oop Saterdag beskikbaar waarp die Pretorianers ontvang kon ord nie, aangesien daar vanjaar nie inder as twaalf spanne om die root Uitdaagbeker meeding nie en lle moontlike planne om darem nog 'n wedstryd gereël te kry, het eur die mat geval. Toe is daar gter voorgestel dat ons manne dan aar weer vanjaar die toer sal onerneem, want hierdie botsing tussen ukkie en Matie het ook al 'n intelling geword en dit sou darem aie jammer gewees het as dit vanaar onderbreek moes word.

#### WEEREENS PRETORIA

Die voorstel het dan ook dadelik yval gevind sodat die Tukkies dié ebaar met genoeë aangeneem het — ou vertrek die Matiespan weereens a Pretoria.

In hierdie reeks is daar alreeds drie edstryde afgespeel waarvan die uitlae as volg was:

1942: U. Pretoria 8, U.S. 6.
1943: U.S. 14, U. Pretoria 3.
1944: U.S. 6, U. Pretoria 0.

Stellenbosch loop dus nog voor het twee wedstryde teen een.

Waar daar verlede jaar ook dames- n manshokkiespanne, dames- en manstennisspanne, 'n stoeispan, 'n etbalspan en 'n jukskeispan aan die oer deelgeneem het, sal slegs die O. 19A-span vanjaar saam met die erste span op reis gaan. Dié twee panne sal dan seker ook die morele ndersteuning van so baie Maties nis, maar tog is daar blykbaar groot inge aan die broei in Pretoria. Uit erigte is dit duidelik dat die oud-Maties alweer hard aan die sing is n netsoos in die verlede sal sorg dat aar genoeg aansporing van die paviljoen af sal wees.

#### POTCHEFSTROOM

Ook op Potchefstroom sal albei panne wedstryde afspeel teen P.U.K. erlede jaar nog het die eerste span waai teenstand daar ondervind en oes hulle alles uithaal om te wen.

In die drie wedstryde wat tot dusver teen P.U.K. afgespeel is, was die uitslae die volgende:

1942: P.U.K. 9, U.S. 6.
1943: U.S. 17, P.U.K. 3.
1944: U.S. 7, P.U.K. 5.

Ook hier loop die Matiespan dus nog voor met twee wedstryde gewen en een verloor.

#### ALLE SUKSES

Hoewel dit dan nou jammer is dat ons nie vanjaar die kans sal kry om die Pretorianers en die P.U.K. hier op Coetzenburg in aksie te sien nie, is 'n mens aan die ander kant maar alte bly dat dié wedstryde wel sal plaasvind. Ons beste wense vergesel ons span en ons hoop dat hulle ons die genot van 'n klinkende oorwinning sal besorg. Waar ons ookal vakansie hou, ons oë sal op julle gerig wees!

## Dertiende Jaarkongres van die A.N.S.

*Belangrike Ontwikkeling vir Afrikanerstudente*

In die verlede was die jaarkongresse van die A.N.S. gewoonlik in die Junievakansie gehou. Vanjaar sal daar 'n afwyking van hierdie prosedure wees en word die kongres in vooruitsig gestel vir die September-vakansie. Die rede hiervoor was dat die uiteenlopendheid van vakansiedatums op die verskillende sentrums so 'n byeenkoms in die September-vakansie nog altyd onmoontlik gemaak het terwyl hierdie probleem vanjaar opgelos kan word.

Vanjaar word daar egter 'n buitengewone streek-kongres van die Noorde en Middelande te Pretoria in die Junievakansie gehou op 28—29 Junie, by watter geleentheid die Hoofraad voltallig aanwesig sal wees.

Die Kongres in September sal weer soos verlede jaar prakties van aard wees, en die besprekings sal gaan oor die verskillende beroepe in ons volkslewe en die plek wat hulle in ons maatskappy inneem. Weereens sal die Kongres die voorreg hê om deur verskillende volks- en vakmanne oor die onderwerp in al sy vertakkings toegelig te word. Ook sal die kongres sy aandag wy aan studente-organisasies en -belange soos hulle elke lid van die bond raak.

## VAE VICTIS!

### „A Cold-blooded Nazi Murder"

Toe die Galliërs in die jaar 390 v.C. Rome ingeneem en uitgeplunder het en die Romeine beswaar maak teen die harde vredesvoorwaardes van die Galliërs, voeg die Galliese koning Brennus hulle honend toe, „Vae Victis!" — Ons lees egter nie dat Brennus gedreig het dat hy die Romeine sou opvoed nie!

Maar die Duitsers kry nou nuwe opvoeders, selfaangesteldes, selfaangeprysdes, uit Oos en Wes, hele en halwe barbare te oordeel na die manier waarop hulle hul pedagogiese taak aanpak. Hier volg 'n paar opvoedkundige staaltjies.

Op die dag (5 Junie l.l.) waarop die „Cape Times" 'n mooi artikeltjie het oor „Something for the Children", waarin ons lees „The children have first call on the security of the new world", kry ons ook die berig van die fusillering deur die Amerikaners in Duitsland van twee Duitse seuns, Heinz Petry van 16 en Josef Schöner van 17 jaar. In Februarie laas is hulle agter die Amerikaanse front gevang en as spioene aangehou. Was hulle daar op heterdaad doodgeskiet, sou 'n mens dit betreur en gesê het, „oorlogsnoodsaaklikheid." Die oorlog het die lewe van duisende seuns van hulle leeftyd geeis. Maar om die seuns vier maande aan te hou en nou 'n volle maand na die beëindiging van die oorlog dood te skiet „as 'n voorbeeld vir die Duitse volk!" Inderdaad „something for the children," maar nie 'n „first call on the security of the new world" nie.

Laat ons die geval van die fusillering nou omkeer. Gestel net dat die Duitsers twee Engelse seuns sou gevang en doodgeskiet het. Wat sou ons ore nie weer getuit het nie van „a cold-blooded Nazi murder!"

Laat ons nou sien hoe ons ander bondgenote, die Russe, die opvoeding aanpak.

In die uitstekend gestelde **Weeklikse Nuusbrief** van 4 Junie l.l. van adv. Pirow ('n nuusbrief wat elke Afrikaner elke week met vrug kan lees en waarmee die meeste instemming sal betuig) vind ons 'n aanhaling uit die Londense „Daily Mail" van 'n verhaal deur 'n Engelse krygsgevangene, wat deur die Russe bevry was, van sy ervaringe agter die Russiese front, waarin hy sê: „Wanneer 'n dorp ingeneem word, bly die Russiese eenheid wat die werk gedoen het agter om skoon te maak, skynbaar sonder bevele van bo af. En hierdie skoonmaak is 'n drastiese affêre. Ek het gesien dat groepe Duitsers, wat in Pole woon, in die straat in gelid gestel en doodgeskiet word."

Dit laat 'n mens onwillekeurig dink aan Dingaan se opvoeding van Piet Retief en sy gevolg en dis moontlik te verkies bo die opvoeding, waarmee die vrome Montgomory nou die Duitse jeug dreig terwyl hy hulle soos 'n moderne Brennus toeroep, „Vae Victus!"

Adv. Pirow se kommentaar is behartigingswaardig:

**„Wat in werklikheid in die Russies besette gebiede aangaan, sou alleen 'n Dante kon beskryf. Dit sou egter verskil van alles wat ooit geskrywe is in verband met lyding omdat dit die volslae triomf van die Bose daar sou stel. Die walglike huigelary van die Bondgenote in hierdie verband, en, terloops, van ons eie niksbeduidende regering — sal nog eendag as een van die skandvlekke van hierdie sogenaamde Christelike eeu gebrandmerk word.**

**Ons herhaal wat ons tevore gesê het: Die werklike oorlogsmisdadigers is dié mense wat Hitler se aanbod geweier het om 'n bondgenootskap te vorm vir die uitroei van die Russiese Anti-christ. Wie en wat agter daardie weiering gesit het, sal nog eendag moet vasgestel word, maar intussen sal ons Staatsmanne en Kerke goed doen om kennis te neem van die feit dat ons hele blanke beskawing, ons hele Christelike blanke beskawing, aan 'n draad hang so dun as 'n spinnerak."**

#### SENDING-BASAAR

Die Teologiese Studentesendingvereniging hou sy jaarlikse basaar e.k. Saterdag in die C.S.V.-saal.

Kom, vanaf 10 v.m. tot 10 n.m.!!

Aangename speletjies (met begeerlike pryse vir die wenners!), heerlike koek en vrugteslaai, geurige koffie, en smaaklike pannekoek! — Lieflike ruikers vir pronkerige kêrels!

Kom geniet „DIE DAG der dae"!!

WELKOM—OUD EN JONK!

**TEKEN IN OP „WAPENSKOU"!**

Besoek DIE UITSPAN
Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop
DIE UITSPAN is 'n besoek werd!

# DIE HUIS-TOE GAAN IS DAAR

## EN ONS BOEKE IS KLAAR!

—o—

Met die voorgeskrewe boeke is u seker vir 'n maand klaar

maar

ons boeke is klaar om u 'n maand van genot te verskaf.

—o—

**ONTSPANNINGSLEKTUUR:**

**HUMOR:**
Oom Kaspaas (Vyfde Druk)
T. O. Honnibal .. .. .. .. .. .. .. 2/6

**DIE DELWERSLEWE:**
Uit die Dieptes — Johan Theron .. 6/6

**VLIEGTUIE:**
Dreuning in die Lug — M. Steyn van Rooyen .. .. .. .. .. .. .. .. 5/9

**VLOEDWATERS:**
Die Damwal — Jochem van Bruggen 9/6

**LIEFDE:**
Die Teken van die Suiderkruis
Theo Engelenberg .. .. .. .. .. .. .. 5/-

**WILDEHONDE:**
Vlam van die Bantamberge. Hobson .. 7/6

—o—

**JASPER LE FEUVRE** van Karl Kielblock; **DIE VERLORE PRINS** van Hendrik Brand en **TERUG NA KOMMANDO** van L. A. Visagie is nou weer verkrygbaar.

—o—

# DIE C.S.V.-BOEKHANDEL

**Pleinstraat — Stellenbosch**



# APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

●

# JOERNING en SEUN

**(Eiens.) Bpk.**

Hoek Bird- en Pleinstraat,

STELLENBOSCH.



# Die Plaza

Foon 0013

●

# MRS. PARKINGTON

GREER GARSON
WALTER PIDGEON
VRYDAG en SATERDAG
15 en 16 JUNIE

Matinee: Saterdag



**DIE EIKE KAFÉ**

Onder persoonlike toesig van

**(Mnr. en Mev. van Zyl)**

**SIGARETTE en TABAK**
**SJOKOLADE en GEBAK**
**VARS VRUGTE**
**en**
**GROENTE**

**LIGTE ETES ALLE URE!**

**In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u**

***DIE BESTE DIENSTE***



***DIE MATIE***

***Alle korrespondensie aan:***

***J. J. VAN WYK,***
***Waarn. Redakteur,***
***Die Laan,***
***Stellenbosch.***

Deel V. 15 Junie 1945. No. 13.


## DIE TOER NA PRETORIA

Binnekort vertrek die Matie-sportmanne weer na die Noorde om kragte te meet met ons Transvaalse suster-universiteite. Hierdie jaarlikse besoek tussen Stellenbosch en Pretoria word alreeds 'n instelling waarna elke student uitsien. Dit is ook verblydend om te sien dat die bande tussen die Noorde en Suide op hierdie manier gesterk word. Ons weet ook dat die Noordelike Afrikaanse Universiteite dit verwelkom dat ons dit as 'n noodsaaklikheid beskou om hulle op alle tereine te ontmoet. Dit is jammer dat die groot afstande ons verhoed om hulle meer gereeld en ook op ander terreine te ontmoet.

Te lank reeds het die Noordelike Universiteite die Suide beskou as onsimpatiek. Ons weer was te geneigd om die beskuldiging na die Noorde te slinger dat hulle heethoofdig is. Die A.N.S. het hom in die verlede daarvoor beywer om samewerking tussen Afrikanerstudente van die Noordelike suster-universiteite en Stellenbosch te verkry en danksy baie pogings op Uniale jaarkongresse en andersins het hierdie strewe baie sukses gehad.

Hierdie byeenkoms gaan egter dáárom om sport te beoefen, maar wanneer ons ons opponente kies en optree, verteenwoordig ons ons Afrikaner volksuniversiteite, en ons gedrag en optrede word dan bepaal deur ons Afrikanerskap. Dit word verwag dat elke verteenwoordiger van Stellenbosch hom sal gedra as 'n waardige sportsman, nie alleen omdat hy die naam van 'n goeie „sportsman" wil dra nie, maar omdat hy as Afrikaner-sportsman 'n volksuniversiteit verteenwoordig. „Die Matie" wil die hoop uitspreek dat die komende toer die bande tussen Noord en Suid sal versterk. 'n Beter verstandhouding is on-ontbeerlik indien ons as Afrikanerstudente ons roeping wil nakom en ons taak in die volkslewe wil aanvaar.

Ons wens julle sukses toe maties, en onthou, julle verteenwoordig 'n groot Universiteit waar julle Afrikanerskap op die spel is.

## OUD-REDAKTEUR SÊ DANKIE

Na 'n hegte samekoppeling van ongeveer 2 jaar (1½ jaar as redakteur) moet ek nou ongelukkig afskeid neem van 'n baie goeie en getroue ou vriend — 'n vriend wat dikwels baie tyd geverg het, dikwels menige onvriendelike blik na my kant veroorsaak het, maar 'n ou vriend wat gaandeweg dieper en dieper in die bloed ingevreet het en steeds inspirerend en aanmoedigend was — „Die Matie". Ongelukkig moet ek nou „Die Matie" verlaat, maar as wat ek agterlaat kan dien as 'n onvoltooide muur waarop voortgebou kan word, sal die bevrediging vir my volkome wees. My allerbeste wense vergesel my ou „Matie"-maat op sy toekomsontwikkeling. Mag dit luisterryk wees! En my beste wense ook aan diegene wat die werk moet voortsit.

Ek is baie dank verskuldig:

**Baie dankie** aan die waarderende „Matie"-lesers (en die lesers wat nie waardeer het nie, maar tog gelees het!)

**Baie dankie** aan alle A.N.S.-lede (en ander A.N.S.-denkendes) wie se bemoediging steeds 'n inspirasie was.

**Baie dankie** aan alle persone wat maar altyd gewillig was om te help met raad en daad—studente sowel as dosente, redaksielede en nie-redaksielede.

**Baie dankie** aan ons besigheidsbestuurder, mnr. Luke Olivier, wat deur sy ywer sekerheid verleen het oor die toekoms deur „Die Matie" op 'n gesonde finansiële basis te plaas.

**Baie, baie dankie** aan elke lid van die personeel van die Pro-Ecclesia-drukkery wat gedurig die hoogste hulpvaardigheid en welwillendheid aan die dag gelê het. (En my heilwense vir 'n glorieryke Pro-Ecclesia-toekoms!)

Verder gaan ek nie opnoem nie — baie dankie aan almal aan wie ek dank verskuldig is!

My innigste heilwense,

HENNIE MARAIS.

# *Oorlogsdoelstellings en Hul Verwesenliking*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Gedurende die huidige oorlog het ons van baie verskillende en ook teenstrydige oorlogsdoelstellings verneem. Aan die kant van die Geallieerdes het ons heel aan die begin van die oorlog verneem van **'n Pole wie se soewereine onafhanklikheid** teenoor Hitler se Duitsland deur Britte en Franse **gewaarborg** en met **wapens verdedig sou word.** Ons het vervolgens verneem van die **regte** van **klein nasies** as oorlogsdoelstelling, van 'n veel geprese **Atlantiese Handves** waarin hierdie „regte van klein nasies" gewaarborg is. Dan het ons gehoor van 'n **kruistog** om die **Christelike beskawing** teen die bose Nazis te beskerm en van **menseregte soos vryheid van gebrek en vrees** wat deur Hitler se Duitsland in die gedrang gebring is. As daar nie meer name vir al hierdie oorlogsdoelstellings voorhande was nie, dan het ons in Washington, Londen en selfs in Moskou die mooi woord **„demokrasie"** gehoor. Vir die „demokrasie" is daar geveg, want die „Demokrasie" is werd **sweet en trane, goed en bloed.**

### EN DIE VERWESENLIKING? POLE.

Wat Pole betref, die onmiddellike oorsaak van Brits-Franse oorlogsverklaring aan Duitsland in September 1939, weet die hele wêreld dat geen Britse of Franse oorlogskip, vliegtuig of soldaat in 1939 op Poolse gebied verskyn het nie en dat geen Brits-Franse oorlogsverklaring aan Rusland gevolg het nie, toe ook hierdie moondheid in dieselfde Septembermaand die helfte van Pole ingepalm het.

Sedert hierdie tyd en gedurende al die maande en jare van oorlog is die Poolse perd in Londen, Washington en Moskou op al die gewigtige konferensies tot by San Francisco reeds holrug gery. Dit herinner vandag baie meer aan die knol van 'n Don Quichot as aan die mooi Poolse perd wat die wêreld voor September 1939 geken het. Intussen het die Poolse volk onbeskryflike ellende verduur en voer Moskou vandag die hoogste woord in Warschau en seer seker nie Londen of Washington nie, om van Parys nie eers te praat nie.

### DIE ATLANTIESE HANDVES EN KLEIN NASIES

Oor die **Atlantiese Handves** en die **beskerming van klein nasies** is veel ink verspil. En wat het van hierdie oorlogsdoelstelling en vredesideaal tereg gekom? Ons weet vandag dat die Russiese bondgenoot 'n hele boel klein staatjies stukkend gebreek of ingepalm het. Dit is genoeg om die name van staatjies soos Finland, Estland, Letland, Litaue, die Pole van 3 September 1939, Roemenië, Bulgarye, Hongarye en Suid-Slawië in hierdie verband net te noem. Sommige van hierdie staatjies is reeds deur Moskou ingepalm en het geen eie toekoms nie. Andere is nog nie ingepalm nie, maar hul toekoms is hoogs problematies.

Aan hierdie toestand van sake het selfs die veel besproke konferensie van San Francisco geen verandering gebring nie. Inteendeel. Op San Francisco en in die nuwe wêreldorganisasie wat daar sy ontstaan het is die staatsregtelike meerderwaardigheid van die Vyf Grotes (Die Sowjet-Unie, die V.S.A., Brittanje, Sjina en Frankryk) ten koste van die klein staatjies beklemtoon en bestendig. Daar word vandag in hierdie verband **veel minder gepraat oor gelykheid van status en veel meer oor die ongelykheid van funksie!**

### DIE KRUISTOG

En wat het van die **kruistog** en die **kruisvaarders** geword? Dit is waar dat hierdie „kruistog" 'n beslissende **militêre oorwinning** oor Hitler se Duitsland behaal het. As 'n mens egter moet oordeel volgens die uitbraaksels van duiwelse haat van die hoogste geestelikes, dan sal dit omtrent net so onmoontlik wees om 'n greintjie van ware Christelike gesindheid te ontdek as die spreekwoordelike naald in die hooimied. 'n Kruistog of enigiets Christeliks behoort dan ook net so min tuis in die oorlogs- of vredesdoelstellings van die huidige oorlogvoering as 'n ysbeer in die trope.

### VRYHEID VAN GEBREK EN VREES

Gedurende die oorlog is ons herhaaldelik vertel van die groot gebrek en vrees wat daar in die Duits-besette Europa sou heers. Al hierdie ellende sou 'n end kry as die bevrydingsleërs van die Geallieerdes Europa bevry het en as die berge van voedselvoorrade uit Amerika onder die hongerige Europeane verdeel word. Groot was egter ons verbasing toe ons verneem het dat die Geallieerdes in Normandie goedgevoede mense aangetref het, dat die Hollanders nog oor 'n veestapel beskik en dat Deense hamme en botter weer na Brittanje uitgevoer kan word. Die bose Duitsers wat vier jaar tyd en ook die mag gehad het om alles in die besette Europa te roof, het dus darem tog iets vir die hongerlydendes agtergelaat! Ons het egter nog nie verneem of die berge van voedselvoorrade uit Amerika reeds veilig in die bevryde Europa aangekom het nie en of „vryheid van gebrek en vrees" reeds alle „bevrydes" gelukkig gemaak het.

### EN DIE DEMOKRASIE!

Een van die oorlogs- en vredesdoelstellings waarop jarelank sonder twyfel die meeste gehamer is, is die verdienstelikhede van die Demokrasie in vergelyking met die vreeslikhede van die sogenaamde Totalitarisme. Daar kan ook geen twyfel be-

Vervolg op bls. 3, kolom 1.


# Rook Springbok-Sigarette

## Wetenskaplike Brokkies

Deur Ernest Marais.

By die voortsetting van die bespreking van die elektromagnetiese spektrum bepaal ons ons aandag kortliks by infrarooi strale. Die gedeeltes van die spektrum lê net „onderkant" die rooi gedeelte van die sigbare spektrum, vandaar die naam, want „infra" beteken „onder". Hierdie strale, ook bekend as hittestrale, bestaan uit die meganisme wat hitte vanaf een liggaam na 'n ander plek neem sonder die hulp van materie tussenin. Hierdie strale kan dus deur vakuum trek. So stuur die son sy strale na die aarde sonder dat die spasie tussenin verhit word. Dit verklaar waarom dit gevind word dat as op 'n koue winterdag die temperatuur ver onder nul grade is, 'n termometer wat in die son gehou word 'n hoër temperatuur sal aantoon, veral as die bol van die termometer swart gemaak is. Daar moet egter baie duidelik onderskeid gemaak word tussen hitte-energie en hitte of infrarooi strale. Hitte-energie kan as sulks alleenlik van een plek na 'n ander plek gaan m.b.v. materie deur b.v. konveksie in vloeistowwe of deur geleiding in vaste stowwe soos b.v. 'n ysterstaaf, en kan dus nie deur 'n vakuum gaan nie, soos wel die geval met infrarooi strale is nie. Die hitte-energie in die son word b.v. eers omgesit in infrarooi strale en sodra die strale weer die voorwerp tref, word dit weer omgesit in hitte-energie. Van hierdie beginsel word gebruik gemaak om die intensiteit van infrarooi strale te bepaal. 'n „Rocksalt" is „deursigtig" vir die strale en daarom kan 'n prisma van die stof vervaardig, dien as 'n instrument om die strale in sy verskillende golflengtes op te breek. Swart materiaal is ook „deursigtig" vir die strale. Om die rede is 'n swart pak so warm in die sonskyn. Infrarooi fotografie is 'n nuwe ontwikkeling waarmee fotos in die donker kan geneem word.... dalk 'n gevaarlike ontwikkeling! Nuwe ontwikkelings in die verband het veral 'n groot rol gespeel in die afgelope oorlog waar bombardemente selfs deur dik mis en wolke uitgevoer is m.b.v. „instrumente". Nou kan u ook die konstruksie van 'n termosfles verstaan: Dit bestaan uit 'n fles met dubbel wande waartussen daar 'n lugleegte bestaan om te verhoed dat hitte-energie verlore gaan as gevolg van konveksie of geleiding, terwyl die oppervlaktes betrokke so blink en helder moontlik is om hitte verlies deur middel van infrarooi strale, wat deur die vakuum kan geskied, te verminder.

Vervolg van bls. 2, kolom 4.

staan dat die demokratiese Amerika, Brittanje en Rusland 'n beslissende oorwinning oor hul sogenaamde totalitêre vyande behaal het nie. Die Demokrasie tog het geseëvier.

Dr. J. G. van der Horst, voorsitter van die „Imperial Cold Storage and Supply Company, Ltd." skyn egter nie so seker hiervan te wees nie. Volgens hom het die grondgedagtes van Totalitarisme alreeds 'n ernstige indruk op ons denkwyse gemaak. Inderdaad, ons het rede om te vrees dat net soos dikwels tevore in die ingewikkelde geskiedenis van die stryd om menslike vryheid, verkeer die oorwinnaars in die gevaar om die leerstellings van die oorwonnenes te aanvaar". Aldus dr. Van der Horst op die jaarvergadering van bogemelde maatskappy.

Oorlogsdoelstellings word dus nie so maklik verwesenlik nie, selfs nie na 'n totale militêre oorwinning nie.

## Georg Friedrich Händel

(1685 — 1759)

Die jaar 1685 het aan die wêreld die groot musici geskenk — Bach, Scarlatti en Händel. Georg Friedrich Händel is gebore op die 23ste Februarie uit die tweede huwelik van sy drie-en-sestig-jarige vader, Georg Händel, sjirurg en haarkapper in Halle, Duitsland. Reeds op vierjarige ouderdom toon hy musiektalent en toe hy elf jaar oud was kon hy al verskeie instrumente bespeel waaronder die orrel, viool, oboe en klaviersimbaal. Ook lewer hy op die jeugdige ouderdom verskeie komposisies. Sy ouers het sy liefde vir musiek sterk afgekeur en wou nie hê dat hy 'n loopbaan van sy musiek maak nie, maar willig later in dat hy lesse neem. Op agtienjarige ouderdom het hy al begin rondreis en besoek hy onder andere Hamburg, Florence, Rome, Venisië en verwerf roem as orrelspeler. Vroeg reeds kom hy in aanraking met die koninklike hof in Berlyn waar hy op elfjarige ouderdom optree. Hy word in 1710 aangestel as kapelmeester van die koninklike hof van Hanover teen 'n salaris van £300 per jaar as opvolger van Steffani. En dieselfde jaar besoek hy Londen waar hy sy nuwe Italiaanse Rinaldo met sukses opvoer. En 1712 besoek hy Londen nogeens en word oorgehaal deur graaf Burlington om daar te bly. Hy wy hom geheel-en-al aan musiek. Hy komponeer Te Deum en Jubilate om die vrede van Utrecht te vier. Koningin Anne is opgenome met sy musiek en skenk hom 'n salaris van £200 per jaar. Hy het 'n belangrike rol in die koninklike akademie gespeel en het verskeie operas opgevoer. Later het sy gesondheid agteruit gegaan en is in Londen oorlede in 1759. Sy komposisies is uiteenlopend van aard. Dit sluit in omtrent 40 operas, 20 oratorios, 'n geweldige massa kerkmusiek en gewyde musiek insluitende 80 Italiaanse Kantatas. Sy orkeswerke sluit in talle Concerti en ander werke. Vir die klaviersimbaal het hy ook 'n reeks sintes, sonatas en ander werke gekomponeer.

In 1685 was instrumentale musiek in sy beginstadium. Kerkmusiek en opera het hoogty gevier. Händel het hom dan ook veral gewy aan kerkmusiek. As orrelis in Hoele het hy al verskeie kantatas gekomponeer. Ook het hy belang gestel in Italiaanse opera. Sy eerste Rodrigo is in Julie 1707 met sukses in Florence opgevoer. Later het die opera agteruitgegaan en het Händel meer oratorios gekomponeer. In 1741 komponeer hy sy bekendste werk, die „Messias", waaraan hy drie weke gewerk het. Dit word in Dublin opgevoer op die 13de April 1742. In die jaar 1751 begin hy blind word. Sy laaste werk is die Oratorio Jephta wat hy in Augustus 1751 voltooi het. Hy gaan egter voort met sy opvoerings, die laaste waarvan was dié van die „Messias" op 30 Maart 1759, twee weke voor sy dood.

## WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

## Onder Onsies

Uit ons berig, „Hennie Marais, baie dankie" in die vorige uitgawe het blykbaar die idee ontstaan dat Hennie Marais Stellenbosch nou gaan verlaat. Dit is egter nie die geval nie, aangesien hy voortgaan met sy kursus alhier, en net deeltyds in die Kaap werk.

* * *

Mej. Jean Brinker, werksaam in die Carnegie-Biblioteek, het Saterdag verloof geraak aan Mnr. Merwe Badenharst, mediese student in Kaapstad.

* * *

Mnr. Gert Labuschagne van die Kweekskool, het Sondag teruggekeer van Johannesburg waarheen hy skielik moes afreis om die begrafnis van sy swaer by te woon.

* * *

Mej. Prutske du Toit van Huis-de-Villiers, het onlangs haar M.A.-graad in Sielkunde, Cum Laude behaal en vier dit Dinsdagaand by wyse van 'n gesellige partytjie in die C.S.V.-gebou.

* * *

Mnr. Gawie Oosthuizen, kommandant van die O.B.-mans-studentekommando, het Sondag sy proefpreek gelewer, en die aand gesellig verkeer met familie en vriende aan sy woning in die Laan.

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk
sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

Goeie Raad!
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
Ons hele Staf is tot u diens!
Pro Ecclesia-Drukkery
(Edms.) Bpk.
Pastoriestraat, Stellenbosch.

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.

MATIES!!!
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
GOEIE VINNIGE DIENSTE.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

Alfred Blommaert
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

ONS HET SO PAS 'N NUWE BESENDING
ENGELSE WORSTED MATERIALE
KYNOCH HARRIS TWEED en SPORTEX
SPORTBAADJIE-MATERIALE ONTVANG
Teen vooroorlogse pryse.
Laat u volgende Pak Klere by ons maak.
PAKKE: Vanaf £11-11-0, £12-10-0, £13-0-0.
SPORTBAADJIES: £6-8-6, £6-10-0.
GRYS BROEKE: £3-11-6; £4-2-6.
Enigste Agente vir MONATIC HEMDE en
REX TRUE FORM KLERE.
Gebrs. DE WET
Foon 20 STELLENBOSCH Bus 21
DIE PRAKTIESE SNYERS

Rook Springbok-Sigarette

## Korrespondensie

Die Redakteur,
Die Matie,
Stellenbosch.

Waarde Heer,

In die uitgawe van u blad van 1 deser verskyn 'n brief aan u van „Matie-Ondersteuner" i.v.m. die Intervarsity van 26 Mei. Tot dusver is die brief onbeantwoord gebly en „Matie-Ondersteuner", wat na alle waarskynlikheid nog nie besef het dat swyc goud is nie vier natuurlik nou hoogty met lemoene en grondboontjies oor die denkbeeldige morele oorwinning wat hy behaal het toe sy onmiskenbaar bitsige aantyging teen die optree van die Matie-Universiteit op en buite die voetbalveld gepubliseer is. Maar hy het natuurlik nie rekening gehou met die moontlikheid dat daar tog iets goeds in sy Nasaret was, of dat nie juis die hele Matiestudentedom met asbedekte hoofde hul toekoms sal tegemoet gaan nie. Hy was bewus daarvan dat hy in sy sienswyse ondersteuners sou kry en dit kan ons verwag: daar is altyd genoeg wat maar al te gretig is om saam met die honde in die bos te blaf sonder dat hulle juis doodseker is van die werklike oorsaak van die blawwery.

Dis nie my bedoeling om hier oor die voetbal te praat nie: daar het reeds meer as voldoende kritiek in nuusblaaie verskyn. Ek bepaal my hoofsaaklik by die dirigent en die singery.

Dat Matie-ondersteuner soms in vorige jare beter voetbal, en beter dirigente gesien het wil ons nie betwyfel nie. Vanjaar is vir Stellenbosch miskien nou nie juis 'n rekordjaar nie, maar ek wil ons Ondersteuner vra of hy nie besef dat 'n herinnering dikwels baie aangenamer is as die ondervinding self nie? Is hy baie seker dat die sang en die leiding van die Maties altyd so veel glorieryker was as die laaste Intervarsity?

As 'n student wat elke sangoefening van die Maties bygewoon het en wat self enige jare 'n Ikey was kan ek alleen die hoogste lof vir ons dirigent toeswaai. Sy geduld, sy volharding, sy persoonlikheid het ek elke aand bewonder, maar nooit in so 'n mate as wat ek dit die dag van die Intervarsity gedoen het nie en, toe die telling al 8—0 teen die Maties was het die sang van die Maties geensins verswak nie. Die begrafnisliedjies wat Matie-ondersteuner gehoor het was sonder twyfel die doodmars wat sy eie van sportmanskap ontblote swartgallige verbeelding in sy oordromme gespeel het. Die Maties het dit nie gehoor nie want hulle kan wen maar weet ook hoe om te verloor.

Die hoogste wat die dirigent egter in my estimasie gestyg het was toe hy, i.p.v. om op sommige van daardie beuselagtige, persoonlike en selfs vernederende „pips" te antwoord, 'n veragtende stilswye bewaar het. Om prettige „pips" te kan uitdink en maak is 'n kuns, 'n kuns wat die Ikey-dirigent sekerlik nie verstaan het nie. Maar nou, omdat die Matie-dirigent geweier het om te antwoord en so-doende die eer van homself en sy Universiteit gered het word hy gekritiseer! Jammer, Matie-ondersteuner, dat ons hier so hemelsbreed verskil. As u eie swartgalligheid u nie daardie dag tot sulke uiterste gewaarwordings van droefgeestigheid gestem het nie sou u ongetwyfeld nie so haastig gewees het met u kritiek nie. Van afbrekende kritiek hou ek nou eenmaal nie, veral nie waar dit so heeltemal onverdiend is nie.

U dankend vir opname,

SPEKTATOR.

Universiteit,
Stellenbosch.


**MATIES !**

Laat ons u bedien met al u apteek benodighede.

—o—

Hou Koers en hou die MATIE REPUTASIE HOOG.........

—o—

'N SUIWER AFRIKAANSE ONDERNEMING

—o—

**Die STELLENBOSCH-APTEEK**

(N. C. Hough)

Andringastraat, Stellenbosch.


## SPORT

### BOKS

Verlede week het die Maties nog 'n Intervarsity-botsing verloor, en hierdie keer was dit ons boksers wat die onderspit moes delf. Hulle is met 5 gevegte teen 3 geklop, maar dit het vir die Ikeys gladnie maklik gegaan nie en hulle het hul vyf gevegte maar naelskraap op punte gewen.

Swanepoel en Van der Veen het weer pragtig geboks en mooi oorwinnings behaal. Die geveg tussen die twee kapteins, P. van der Walt en A. G. van Wyk, was egter die hoogtepunt van die aand. In 'n lewendige geveg het die Ikey-kaptein gewys hoe 'n uitstekende bokser hy is, deur sy bekwame teenstander te klop.

Die volledige uitslae was as volg: (U.K.-manne eerste genoem).

**Vlieggewig:** Welham klop van Vuuren op punte.

**Bamtamgewig:** U.S. gee geveg prys.

**Veergewig:** Geddes gelykop teen le Riche.

**Liggewig:** Riley verloor teen Swanepoel op punte.

**Weltergewig:** Van der Westhuizen gelykop teen Marinus.

**Middelgewig:** Van der Merwe verloor teen Van der Veen op punte.

**Ligswaargewig:** Hum klop Van Zyl op punte.

**Swaargewig:** Van der Walt klop van Wyk op punte.

### RUGBY

Daar vind môre niks van belang plaas in Rugbykringe nie. Op Nuweland speel 'n W.P.-span teen 'n span van die Res van Westelike Provinsie. Die hekgelde sal gaan na die Goewerneur-Generaal se oorlogsfonds en plaaslike liefdadigheid. By die oplossing van die geskille van die afgelope twee jaar, het die Suid-Afrikaanse-Rugbyraad bepaal dat elke Unie een wedstryd in die jaar kan afsonder om vir een of ander fonds gelde in te samel. Saterdag het die W.P.-Unie dan nou vir daardie doel uitgehou.

Maar daar mag ook geen dwang op enige speler of spelers uitgeoefen word om te speel of om te weier om te speel nie. Tot dusver het ons alreeds verneem van verskeie spelers wat nie gaan speel nie en die wedstryd sal seker nie baie belangstelling uitlok nie.

### STOEI

Die Maties se B-span was Maandagaand vir 'n puik vertoning verantwoordelik toe hulle die A.-span van U. Kaapstad lelik verras het en met vier gevegte teen drie uitgestof het. Die twee mooiste gevegte van die aand was dié waarin Maas verloor het en die waarin Van der Merwe gewen het. Maas het baie mooi gestoei en was bepaald ongelukkig om te verloor. Hy het baie groot moontlikhede getoon en het net verloor omdat hy nog 'n gebrek het aan ondervinding. Van der Merwe het vinnig en mooi gestoei om op punte te wen.


FLORA heet u almal baie hartlik welkom op Stellenbosch. Ons is tot u diens om die nooiens en mekaar te verwelkom. Ons stuur blomme uit. Onthou

Rekreasie-gebou, Pleinstraat.

*Klere van Hoë gehalte teen billike pryse*

●

J. THERON SMIT

●

Pleinstraat
STELLENBOSCH

Alleen Pakke Klere met die HAND GEMAAK kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u nog altyd verlang. Klere van aansien—klere wat 'n genot is om te dra, en klere wat 'n man die lekker gevoel en bewustheid gee dat sy klere GOED PAS — DIT is die klere wat gemaak word deur

**Jac. J. du Toit en Kie.**

Ons voorraad stowwe sluit 'n groot keuse in — die nuutste kleure en patrone is uniek in ontwerp.

Ons spesialiseer in Aand- en Manelpakke en Togas vir Predikante. Ook is ons die Offisiële Agente vir die UNIVERSITEITSKLEURE.

Moenie uitstel nie! — Raadpleeg ons eers!

**Jac. J. du Toit en Kie.**

Pleinstraat, STELLENBOSCH.

*Vir die maak van u volgende*

**Paar Sandale**

**Stewels**

**Skoene**

BESOEK

**LUBBE EN SEUN**

*die deskundige skoenmakers en repareerders*

Foon 440

**HALDENWANG**

●

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

●

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.

●

(Foon 135)

*HENDRIKZ*

(Foon 95)

Vir ELEKTRIESE BENODIGHEDE, RADIO en alle Elektriese Reparasies

(Langs Voortrekker Apteek)

ANDRINGAST., STELLENBOSCH

*„EEN VAN DIE BESTE EN VERFRISSENDSTE AFRIKAANSE ROMANS"*

**ONS BOU 'N STAD**

Deur FRITZ STEYN ...... 8/6

(Skrywer van Penkopkommando)

●

Hierdie, ons eerste „Sakeroman" in Afrikaans, is 'n merkwaardige boek. Daar word 'n reuse-verkoping voorspel. Vooraanstaande kritici sê die volgende i.v.m. hierdie werk:

„Ek het die baie bladsye tot die end toe met die hoogste spanning gelees .... Die skrywer het styl. Ons word telkens deur sy rypheid, ook op dié gebied, getref. Ek kan nog baie meer oor hierdie merkwaardige boek sê, maar dit sal alles gunstig wees".

●

**Elke Afrikaner sal hierdie boek wil hê, sorg dat u u eksemplaar NOU bespreek. As u terugkom van vakansie is dit miskien te laat.**

●

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

STELLENBOSCH

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP**

*Onthou ! K.W.V.- Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*